



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2025

10712

REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)

REKENINGKUNDE V2

TYD: 2 uur



PUNTE: 150

10712A

14 bladsye + 'n formuleblad en 'n 14-bladsy antwoordboek

X05



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Jy mag die formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Rekonsiliasies	40	32
2	Kosterekeningkunde	40	32
3	Voorraadwaardasie	35	28
4	Begrotings	35	28
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: REKONSILIASIES**(40 punte; 32 minute)****1.1 BANKVERSOENING**

Die inligting hieronder het betrekking op Khaya Handelaars, 'n besigheid wat deur Khaya Smith besit word. Die besigheid ontvang die bankstaat op die 25^{ste} dag van elke maand. Khaya gebruik dit om die bankversoening te voltooi.

GEVRA:

- 1.1.1 Gebruik die tabel wat in die ANTWOORDBOEK voorsien is om die finale totale van die Kontantjoernale op 31 Mei 2025 te bereken. (10)
- 1.1.2 Bereken die korrekte bankrekeningsaldo in die Algemene Grootboek op 31 Mei 2025. (4)
- 1.1.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2025 op. (7)
- 1.1.4 Khaya het opgemerk dat 'n langdienende kassier onlangs kontanttekorte ervaar het. Stel TWEE moontlike redes voor vir hierdie tekorte en verskaf oplossings aan Khaya om elke gegewe rede te hanteer. (4)
- 1.1.5 Verskaf TWEE redes waarom Khaya alle EFO-betalings van sy besigheid magtig. (2)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 30 April 2025**

Uitstaande deposito's:	Gedateer 14 April 2025	R6 000
	Gedateer 28 April 2025	15 000
Uitstaande EFO's:	Nr. 135	2 100
	Nr. 139	6 700
Ongunstige saldo volgens bankrekening		15 550

LET WEL:

- Die uitstaande deposito van R15 000 het op 15 Mei 2025 op die bankstaat verskyn.
- Die uitstaande deposito van R6 000 het nie op die bankstaat vir Mei 2025 verskyn nie. 'n Ondersoek het aan die lig gebring dat hierdie bedrag nooit gedeponeer is nie. Die bedrag moet afgeskryf word.
- EFO 135 is korrek op die bankstaat as R210 getoon.
- Die bankstaat vir Mei 2025 toon dat EFO 139 korrek aangeteken is.

- B. Voor ontvangs van die Bankstaat vir Mei 2025, het die Kontantjoernale die volgende voorlopige totale getoon:

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL	KONTANTBETALINGSJOERNAAL
R102 675	R86 150

- C. Inligting op die Bankstaat vir Mei 2025 wat nie in die Kontantjoernale vir Mei 2025 verskyn het nie:

DATUM	BESONDERHEDE	DEBIET (R)	KREDIET (R)
1	P. Sello (huurder)		3 160
9	Kontantonttrekking (K. Smith)	2 800	
15	Debiteurekontrole (K. Phumi)		6 400
25	Debietorder 00125	5 100	
28	Rente	365	
30	Transaksiefooie	830	

LET WEL:

- K. Phumi het 'n elektroniese oordrag gemaak voordat 'n 5%-korting aan hom toegestaan is. Khaya het die boekhouer opdrag gegee om die korting elektronies terug te betaal. Hy het die transaksie gemagtig en die boekhouer het die terugbetaling afgehandel.
- 'n Ongemagtigde debietorder het op 25 Mei verskyn. Die bank sal die fout in Junie regstel.

- D. Inskrywings in die Kontantjoernale na 25 Mei 2025:

Deposito op 30 Mei 2025	R31 250
EFO 384 aan DS Verpakking, gedateer 27 Mei 2025	9 650
EFO 392 aan MJ Skryfbehoeftes, gedateer 29 Mei 2025	5 440

- E. Bankstaat se saldo op 31 Mei 2025 ...?

1.2 KREDITEUREVERSOENING

Soweto Handelaars koop goedere op krediet by, onder andere, PP Verspreiders. Die besigheid ontvang hul rekeningstaat stiptelik elke maand.

GEVRA:

- 1.2.1 Gebruik die tabel wat voorsien is en toon alle regstellings wat ten opsigte van die Krediteurekontrolerekening en Krediteurelys gemaak moet word.

Toon veranderinge met 'n (+) vir 'n toename, 'n (–) vir 'n afname of 'n (0) vir geen verandering nie.

(9)

- 1.2.2 PP Verspreiders is tevrede met die manier waarop Soweto Handelaars hul rekening bestuur, daarom is hulle bereid om hulle kredietlimiet te verhoog.

Verduidelik TWEE aksies wat Soweto Handelaars behoort te neem om 'n goeie verhouding met die krediteur te handhaaf.

(4)

INLIGTING:

- A. Saldo's en totale op 30 Junie 2025 (voor die regstelling van die foute en weglatings):

Saldo van Krediteurekontrolerekening	R64 800
Totaal van Krediteurelys in die Krediteuregrootboek	R79 300

- B. Die Krediteurejoernaal se totaal is met R1 000 te veel opgetel.
- C. S. Snow, 'n debiteur met 'n kredietsaldo van R900 is per abuis in die krediteurelys ingesluit.
- D. Die totaal van die Krediteureafslagjoernaal is foutiewelik as R23 500 bereken in plaas van R17 900.
- E. Die Debiteurekontrole-kolom van R4 400 in die Kontantbetalingsjoernaal is foutiewelik na die Krediteurekontrolerekening oorgeboek.
- F. Verpakkingsmateriaal ter waarde van R2 300 is aan PP Verspreiders teruggestuur en korrek in die relevante joernaal geboekstaaf. Dit is egter as kredietaankope na die rekening van PP Verspreiders oorgeboek.

VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE**(40 punte; 32 minute)****2.1 MAGIC WOOD VERVAARDIGERS**

Die besigheid wat hout deurkosyne (rame) vervaardig, is in besit van Phenyo Mason. Hul finansiële jaar einde elke jaar op 30 April.

GEVRA:**2.1.1 Verwys na Inligting A.**

Bereken die direkte-/grondstofkoste. (6)

2.1.2 Verwys na Inligting C.

Bereken die fabrieksbokoste vir die jaar deur die tabel in die ANTWOORDBOEK te voltooi. (9)

2.1.3 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 April 2025 op. (6)

2.1.4 Bereken die verkoop- en verspreidingskoste. (3)

2.1.5 Magic Wood het vensterrame aan 'n gemeenskapskool geskenk. Die rame is met afvalhout vervaardig, wat andersins vermors sou word. Bereken die bedrag verlore ten opsigte van verkope as gevolg van die vermorsing van die hout. (4)

INLIGTING:**A. Grondstowwe (hout):**

Grondstowwe word volgens die EIEU (eerste-in-eerste-uit) -metode gewaardeer. Alle voorraadaankope word in 'n stoorkamer geberg totdat dit uitgereik word vir produksie.

Grondstofvoorraad rekords:

	METER	EENHEIDS- KOSTE (R)	TOTAAL (R)
Saldo op 1 Mei 2024	1 520		608 000
Aankope	16 200		7 467 000
Julie 2024	8 400	420	
November 2024	7 800	505	
Terugsendings	400	420	
Grondstof uitgereik aan fabriek	16 570		?
Saldo op 30 April 2025	750		?

LET WEL: 400 meter is aan die verskaffer teruggestuur as gevolg van die aflewering van die verkeerde grootte.

B. Uittreksel uit vooraansuiweringsbedrae op 30 April 2025:

Die boekhouer het die fabrieksbokoste as R3 670 860 bereken.

Ander vooraansuiweringsbedrae op 30 April 2025:

Kantoorversekering	R12 480
Waardevermindering op fabriekstoerusting	42 000
Advertensies	34 320
Fabriekshuur	?

Aansuiwerings tot fabrieksbokoste:

- 80% van die versekering word aan die fabriek toegeken en die res aan die kantoor. Die boekhouer het die versekeringsbedrag met R2 550 te min bereken.
- Waardevermindering op fabriekstoerusting is bereken met behulp van die kosprys-metode in plaas van die verminderdesaldo-metode. Herstel die fout.
 - Op 1 Mei 2024 het die opgehoopte waardevermindering op die fabriekstoerusting R38 000 beloop.
 - Die waardeverminderingkoers op fabriekstoerusting beloop 15% per jaar.

LET WEL: Geen fabriekstoerusting is gedurende die jaar aangekoop of verkoop nie.

- Magic Wood Vervaardigers se fabriekshuur vir die drie maande vanaf 1 Mei 2024 tot 31 Julie 2024 het R168 000 beloop. PM Warehouse hef huur teen 'n vaste tarief. Magic Wood Vervaardigers huur die afgelope twee jaar 160 vierkante meter. Met ingang van 1 Augustus 2024 het Magic Wood Vervaardigers versoek dat die fabriekshuurruimte met 40 vierkante meter vergroot word. Die huur is nog nie geboekstaaf nie.

C. Daar is geen goedere-in-bewerkingvoorraad nie.

D. Ander kostes vir die finansiële jaar (na alle aansuiwerings):

	EENHEIDS- KOSTE (R)	TOTAAL (R)
Direkte arbeidskoste	710	?
Veranderlike koste	2 240	14 380 800

E. Produksie en verkope vir die jaar:

- 6 420 hout deurrame is vervaardig en verkoop.
- 2,5 meter hout word gebruik om een deurraam te vervaardig.
- Verkoopprys per hout deurraam beloop R780.

2.2 KICK-IT-UP VERVAARDIGERS

Jy word voorsien van die inligting met betrekking tot Kick-it-up Vervaardigers. Die besigheid vervaardig kantoorstoele. Die eienaar, Nono Shiloh, is tevrede met die verhoogde wins.

LET WEL: Waar kommentaar en verduidelikings verlang word, moet jy:

- Berekeninge, syfers en/of neigings aanhaal
- 'n Verklaring of rede gee in elke geval

GEVRA:

- 2.2.1 Verduidelik waarom dit belangrik is om die verwagte gelykbreekpunt vir 'n besigheid te bereken voor die begin van 'n finansiële jaar. (2)
- 2.2.2 Nono het nie 'n toename in wins verwag nie. Verduidelik aan haar hoe dit moontlik was. Gee TWEE redes. Haal syfers aan. (4)
- 2.2.3 Verklaar waarom totale vaste koste toegeneem het, maar vaste koste per eenheid afgeneem het. Haal syfers aan. (2)
- 2.2.4 Identifiseer TWEE kostes (met syfers) wat goed beheer is. Vir elke koste, verskaf 'n aksie wat Kick-it-up Vervaardigers moontlik geneem het om hierdie kostes onder beheer te hou. (4)

INLIGTING:

	2025		2024	
	EENHEIDS-KOSTE (R)	TOTAAL (R)	EENHEIDS-KOSTE (R)	TOTAAL (R)
Vaste koste	26,00	1 092 000	26,60	1 077 300
Veranderlike koste	82,30	3 456 600	84,10	3 406 050
Direkte grondstof	34,00	1 428 000	36,00	1 458 000
Direkte arbeid	29,00	1 218 000	28,10	1 138 050
Verkoop en verspreiding	19,30	810 600	20,00	810 000
Verkoopprys per eenheid	R117,30		R105,00	
Netto wins vir die jaar	R637 500		R101 250	
Eenhede vervaardig en verkoop	42 000 eenhede		40 500 eenhede	
Gelykbreekpunt	31 200 eenhede		51 545 eenhede	

VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE
(35 punte; 28 minute)
3.1 FLYEASY HANDELAARS

Die besigheid word deur Magesh besit en verkoop een tipe reistas. Die besigheid gebruik die geweegde-gemiddelde-metode om sy voorraad te waardeer en pas die deurlopende voorraadstelsel toe. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2025 geëindig.

LET WEL: Waar kommentaar en verduidelikings verlang word, moet jy:

- Berekeninge, syfers en/of neigings aanhaal
- 'n Verklaring of rede gee in elke geval

GEVRA:

3.1.1 Bereken die volgende vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2025:

- Die waarde van die eindvoorraad, deur gebruik te maak van die geweegde-gemiddelde-metode (3)
- Bruto wins (5)

3.1.2 Magesh het besluit om sy prysbeleid te evalueer. Adviseer hom oor EEN punt wat hy moet oorweeg wanneer hy sy prysstrategie hersien. (2)

3.1.3 Magesh is bekommerd oor 'n afname in wins. Noem TWEE potensiele faktore wat tot 'n afname in winste kan lei. (2)

INLIGTING:
A. Voorraadsyfers toon die volgende:

	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS (R)	TOTAAL (R)
Aanvangsvoorraad (1 Maart 2024)	710		
Aankope	2 370		8 310 000
Maart	850	3 200	2 720 000
Julie	620	3 500	2 170 000
November	900	3 800	3 420 000
Slotvoorraad (28 Februarie 2025)	?	3 420	?

B. Verkope:

- Slegs 2 508 reistasse is gedurende die jaar verkoop.
- Om mededingend in die reistasmak te bly, is die verkoopprijs op R4 550 vir die laaste drie jaar gehandhaaf.

3.2 MENZIWATCH PLAZA

Aya Mbambo is die eienaar van Menziwatch Plaza, 'n besigheid wat verskeie soorte eksklusiewe horlosies verkoop. Die besigheid gebruik die spesifieke identifikasiemetode om hul voorraad te waardeer en pas die periodieke voorraadstelsel toe. Hul finansiële jaar het op 28 Februarie 2025 geëindig.

GEVRA:

- 3.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad voorhande, deur gebruik te maak van die spesifieke identifikasiemetode (5)
- 3.2.2 Voorsien 'n berekening wat bevestig dat die eindvoorraad van die Saika-horlosies na verwagting binne 8,9 dae verkoop sal wees. (3)
- 3.2.3 Aya is seker daarvan dat die Dempo-model NIE uit voorraad is NIE. Toon 'n berekening wat sy vermoede bevestig. (2)
- 3.2.4 Aya het sy kommer uitgespreek oor kliënte wat horlosies aanpas sonder personeeltoesig. Identifiseer TWEE potensiele probleme wat uit hierdie praktyk kan ontstaan en stel 'n oplossings vir elkeen voor. (4)

INLIGTING:

Die volgende inligting het betrekking op die jaar geëindig 28 Februarie 2025:

A. Aanvangsvoorraad

MODEL	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS (R)	TOTAAL (R)
Dempo	46	4 750	218 500
Bolex	29	8 700	252 300

B. Aankope

MAANDE	MODEL	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS (R)	TOTAAL (R)
Julie 2024	Dempo	85	4 750	403 750
	Bolex	96	8 700	835 200
Desember 2024	Saika	116	5 550	643 800
Februarie 2025	Bolex	44	8 700	382 800
	Saika	61	5 550	338 550

C. Slotvoorraad

MODEL	EENHEDE	TOTAAL (R)
Dempo	0	0
Bolex	?	?
Saika	?	?

D. Verkope:

MODEL	EENHEDE VERKOOP	WINSOPSLAG %
Dempo	125	52
Bolex	123	75
Saika	161	60

3.3 PROBLEEMOPLOSSING:

Die onderstaande inligting het betrekking op Staysmart Modes. Die besigheid verkoop baadjies geskik vir verskillende seisoene.

LET WEL: Waar kommentaar en verduidelikings verlang word, moet jy:

- Berekeninge, syfers en/of neigings aanhaal
- 'n Verklaring of rede gee in elke geval

GEVRA:
3.3.1 Winterjasse:

- Lewer kommentaar oor die voorraadhoudingsperiode van winterjasse. Haal syfers aan. (2)
- Watter effek het hierdie voorraadhoudingsperiode op Staysmart Modes? (2)

3.3.2 Somerjasse:

Nandi is bekommerd dat die huidige prysbeleid tot 'n toekomstige afname in kliënte kan lei. Bereken die persentasieverandering en verduidelik hoekom Nandi nie bekommerde hoef te wees nie. (3)

- 3.3.3 Nandi is tevrede met die nul voorraadverlies. Verduidelik TWEE veiligheidsmaatreëls wat sy moontlik geïmplementeer het om hierdie resultaat te behaal. (2)

INLIGTING:

	2025		2024	
	WINTER (eenhede)	SOMER (eenhede)	WINTER (eenhede)	SOMER (eenhede)
Voorraad beskikbaar	900	1 200	960	1 220
Voorraad verkoop	558	1 080	672	1 037
Voorraad voorhande	342	120	288	183
Verkoopprijs per eenheid	R3 750	R1 350	R3 300	R1 050
Kosprijs per eenheid	R2 500	R900	R2 200	R750
Voorraadhoudingsperiode	224 dae	41 dae	156 dae	64 dae

VRAAG 4: BEGROTINGS**(35 punte; 28 minute)**

Die inligting het betrekking op Ekasi Handelaars vir die periode 1 Julie 2025 tot 31 Augustus 2025. Die besigheid word deur Edward Cassim besit en verkoop elektriese toestelle onder sy eie handelsmerk.

GEVRA:

- 4.1 Bereken die totale verkope vir Junie 2025. (2)
- 4.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedisule vir die tydperk 1 Julie 2025 tot 31 Augustus 2025. (7)
- 4.3 Bereken die ontbrekende syfers (i) – (iv) in die Kontantbegroting vir die periode geëindig op 31 Augustus 2025. (14)
- 4.4 **Verwys na inligting G.**
- Verduidelik waarom dié items 'n uitdaging vir die besigheid tot gevolg kan hê. Verskaf EEN rede vir elke geval. (4)
 - Daar is kommer oor die hoë advertensiekoste wat verband hou met die druk van pamflette deur die besigheid, veral gegewe die lae verkoopsopbrengs. Stel TWEE moderne en meer koste-effektiewe advertensiemetodes voor wat Edward kan oorweeg. (4)
- 4.5 **Verwys na inligting H.**
- Lewer kommentaar oor die kontantvloeisituasie gedurende Mei 2025. Maak EEN voorstel om Ekasi Handelaars se kontantprobleme te verbeter. (2)
 - Edward oorweeg dit om 'n nuwe tak in 'n ander provinsie oop te maak. Identifiseer TWEE uitdagings wat die besigheid se kontantbegroting kan beïnvloed. (2)

INLIGTING:**A.** Verkope, koste van verkope en debiteure-invordering:

- Totale verkope was soos volg:

	Mei 2025	Junie 2025	Julie 2025	Augustus 2025
Werklike	1 280 000	?		
Begrote			1 192 000	1 604 000

- Kontantverkope beloop 75% van totale verkope.
- Die winsopslag is 60% op kosprys.

B. Invordering van debiteure geskied soos volg:

- 20% betaal in die maand van verkope en ontvang 'n 3% korting.
 - 60% betaal in die maand wat volg op verkope.
 - 15% betaal in die tweede maand na verkope.
- Die balans moet as oninbaar afgeskryf word.

C. Aankope:

- 35% van alle aankope geskied op krediet.
- Voorraad word in die maand van verkope vervang en 'n vaste voorraadvlak word gehandhaaf.
- Krediteure word twee maande na aankope betaal, onderhewig aan 'n 4% korting.

D. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir Julie en Augustus 2025:

	JULIE	AUGUSTUS
ONTVANGSTE		
Kontantverkope	894 000	1 203 000
Ontvangste van debiteure	312 812	?
Huurinkomste	9 225	8 200
Lening	0	(i)
BETALINGS		
Kontantaankope van voorraad	484 250	(ii)
Betalings aan krediteure	(iii)	289 800
Huuruitgawe	9 300	11 718
Rente op lening	1 105	2 275
Salarisse en lone	29 000	(iv)

E. Lening:

Op 1 Augustus 2025 het Ekasi Traders 'n nuwe lening verkry. Rente sal vanaf 31 Augustus 2025 teen 13% p.j. aan die einde van elke maand gehef word. VBD Bank hef rente teen dieselfde koers as die vorige lening.

F. Salarisse en lone:

Die besigheid het twee werknemers wat dieselfde maandelikse salaris verdien. In Augustus sal 'n derde werknemer aangestel word, wat 'n maandelikse salaris van 30% laer as die ander twee werknemers sal verdien.

- G.** Edward is bekommerd oor die volgende items wat nie aan die begroting vir Mei 2025 voldoen het nie:

	BEGROOT R	WERKLIK R
Betalings aan krediteure	198 600	54 000
Versekering	12 890	0
Advertensies	9 750	24 375

- H.** Uittreksel van die kontantbegroting:

	MEI 2025 WERKLIK R	JUNIE 2025 WERKLIK R
Kontantsurplus/(-tekort)	(76 540)	105 400
Kontant aan die begin	202 700	126 160
Kontant aan die einde	126 160	231 560

GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhoudersbelang
(Handels & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 onder)	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 onder)
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 onder)
$\frac{\text{Netto wins voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhoudersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: - Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar mag gebruik word indien dit so vereis word in 'n vraag. 365 dae is slegs van toepassing indien dit relevant tot die hele jaar is. - Krediet aankope mag gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees as voorraad konstant is). - Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweepte gemiddelde aantal aandele in die praktyk gebruik.	



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2025

10712

REKENINGKUNDE

(VRAESTEL 2)

ANTWOORDBOEK

14 bladsye

NAAM VAN SKOOL:

NAAM VAN LEERDER:

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	PUNTE BEHAAL
1	Rekonsiliasies	40	
2	Kosterekeningkunde	40	
3	Voorraadwaardasie	35	
4	Begrotings	35	
TOTAAL		150	

1.1.3 Kies slegs EEN templaar hieronder om hierdie vraag te antwoord.

TWEE-KOLOM METODE

BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 MEI 2025		
	DEBIET	KREDIET

7

OF

EEN-KOLOM METODE

BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 MEI 2025	

7

1.1.4 Khaya het opgemerk dat 'n langdienende kassier onlangs kontant-tekorte ervaar het. Stel TWEE moontlike redes voor vir hierdie tekorte en verskaf oplossings aan Khaya om elkeen te hanteer.

Rede	Oplossing

4

1.1.5 Verskaf TWEE redes waarom Khaya alle EFO-betalings van sy besigheid magtig.

--

2

1.2 KREDITEUREVERSOENING

- 1.2.1 Gebruik die tabel wat voorsien is en toon alle regstellings wat ten opsigte van die Krediteurekontrolerekening en Krediteurelys gemaak moet word.
Toon veranderinge met 'n (+) vir 'n toename, 'n (–) vir 'n afname of 'n (0) vir geen verandering nie.

	KREDITEUREKONTROLE- REKENING	KREDITEURELYS
SALDO/TOTAAL	64 800	79 300
B		
C		
D		
E		
F		
Korrekte saldo/ totaal		

9

- 1.2.2 PP Verspeiders is tevrede met die manier waarop Soweto Handelaars hul rekening bestuur, daarom is hulle bereid om hul kredietlimiet te verhoog.

Verduidelik TWEE aksies wat Soweto Handelaars behoort te neem om 'n goeie verhouding met die krediteur te handhaaf.

4

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 2

2.1 MAGIC WOOD VERVAARDIGERS

2.1.1 Bereken direkte-/grondstofkoste.

BEWERKINGS	ANTWOORD

6

2.1.2 Bereken fabrieksbokoste vir die jaar.

Foutiewe totaal	3 670 860
Korrekte totaal vir fabrieksbokoste	

9

2.1.3 PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 APRIL 2025

Primêre koste	
PRODUKSIEKOSTE VAN KLAARPRODUKTE	

6

2.1.4 Bereken die verkoop- en verspreidingskoste

BEWERKINGS	ANTWOORD

3

2.1.5 Magic Wood het vensterrame aan 'n gemeenskapskool geskenk. Die rame is met afvalhout vervaardig, wat andersins vermors sou word. Bereken die bedrag verlore ten opsigte van verkope, as gevolg van die vermorsing van die hout.

BEWERKINGS	ANTWOORD

4

2.2 KICK-IT-UP VERVAARDIGERS

2.2.1 Verduidelik waarom dit belangrik is om die verwagte gelykbreekpunt vir 'n besigheid te bereken voor die begin van 'n finansiële jaar.

--

2

2.2.2 Nono het nie 'n toename in wins verwag nie. Verduidelik aan haar hoe dit moontlik was. Gee TWEE redes. Haal syfers aan.

--

4

2.2.3 Verklaar waarom totale vaste koste toegeneem het, maar vaste koste per eenheid afgeneem het. Haal syfers aan.

--

2

2.2.4 Identifiseer TWEE kostes (met syfers) wat goed beheer is. Vir elke koste, verskaf 'n aksie wat Kick-it-up Vervaardigers moontlik geneem het om hierdie kostes onder beheer te hou.

KOSTE (MET SYFERS)	AKSIE/OPLOSSING

4

TOTALE PUNTE

40

3.3.1

Lewer kommentaar oor die voorraadhoudingsperiode van winterjasse. Haal syfers aan.

2

Watter effek het hierdie voorraadhoudingsperiode op Staysmart Modes?

2

3.3.2

Nandi is bekommerd dat die huidige prysbeleid tot 'n toekomstige afname in kliënte kan lei. Bereken die persentasieverandering en verduidelik hoekom Nandi nie bekommerde hoef te wees nie.

3

3.3.3

Nandi is tevrede met die nul voorraadverlies. Verduidelik TWEE veiligheidsmaatreëls wat sy moontlik geïmplementeer het om hierdie resultaat te behaal.

2

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 4

4.1 Bereken die totale verkope vir Junie 2025.

BEWERKINGS	ANTWOORD

2

4.2 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

MAANDE	KREDIET- VERKOPE	JULIE	AUGUSTUS
MEI	320 000	48 000	
JUNIE	345 000	207 000	51 750
JULIE	298 000	57 812	
AUGUSTUS			

7

- 4.3 Bereken die ontbrekende syfers (i) – (iv) in die Kontantbegroting vir die periode geëindig op 31 Augustus 2025.

(i) Lening bedrag aangegaan in Augustus 2025	
BEWERKINGS	ANTWOORD

(ii) Kontantaankope van voorraad vir Augustus 2025	
BEWERKINGS	ANTWOORD

(iii) Betalings aan krediteure vir Julie 2025	
BEWERKINGS	ANTWOORD

(iv) Salarisse en lone vir Augustus 2025	
BEWERKINGS	ANTWOORD

4.4

Verduidelik waarom dié items 'n uitdaging vir die besigheid tot gevolg kan hê. Verskaf EEN rede vir elke geval.

	REDE
Betalings aan krediteure	
Versekering	

4

Daar is kommer oor die hoë advertensiekoste wat verband hou met die druk van pamflette deur die besigheid, veral gegewe die lae verkoopsopbrengs. Stel TWEE moderne en meer koste-effektiewe advertensiemetodes voor wat Edward kan oorweeg.

VOORGESTELDE METODE	VERDUIDELIKING

4

4.5

Lewer kommentaar oor die kontantvloeisituasie gedurende Mei 2025. Maak EEN voorstel om Ekasi Handelaars se kontantprobleme te verbeter.

PROBLEEM	OPLOSSING

2

Edward oorweeg dit om 'n nuwe tak in 'n ander provinsie oop te maak. Identifiseer TWEE uitdagings wat die besigheid se kontantbegroting kan beïnvloed.

--


2

TOTALE PUNTE

35

TOTAAL: 150

EINDE



10712
REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)
ANTWOORDBOEK

VOORBEREIDENDE EKSAMEN



VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2025

NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE VRAESTEL 2(10712)

13 bladsye

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing wees indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel:** As syfers aangedui word in die nasienriglyne vir komponente of bewerkings, dra hierdie syfers nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit getoon word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegeken word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Bepaling beteken 'kontroleer bewerking'. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees, of soos per nasienriglyne.
9. Let wel: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees of soos in nasienriglyne aangedui.
10. Een deel korrek beteken "bewerking en een deel korrek". Waar metodepunte toegeken word vir een deel korrek, moet die redelikheid van die antwoord deur die nasiener gekontroleer word en ten minste een deel moet korrek wees alvorens die punt toegeken word. Indien 'n syfer 'n metodepunt verdien het, moet dit as "een deel korrek" aanvaar word.
11. Bewerkings: Moet nie punte vir bewerkings toeken waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, moet seker gemaak word dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
13. Wees daarop bedag dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let

VRAAG 1

1.1.1 BANKVERSOENING

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL	KONTANTBETALINGSJOERNAAL
Bedrag	Bedrag
R102 675	R86 150
1 890 ✓✓	6 000 ✓
3 160 ✓	2 800 ✓
6 400 ✓	320 ✓✓
	830 ✓
	365 ✓
114 125	96 465

10

-1 (maks -1) vreemde item (slegs indien punte elders in vraag vir dieselfde bedrag verdien word)
 -1 (maks -1) oorbodige item; verseker dat kandidaat nie volpunte verdien indien 'n foutiewe bedrag(e) insluit nie.

1.1.2 Bankrekeningsaldo in die Algemene Grootboek op 31 Mei 2025

BEWERKINGS	ANTWOORD						
sien KOJ sien KBJ – 15 550 ✓ + 114 125 ☒ – 96 465 ☒ OF 17 660 twee punte	2 110 ☒ Een deel korrek						
<table border="1"> <tr> <td>114 125</td><td>15 550</td></tr> <tr> <td></td><td>96 465</td></tr> <tr> <td></td><td>c/d 2 110</td></tr> </table>	114 125	15 550		96 465		c/d 2 110	
114 125	15 550						
	96 465						
	c/d 2 110						
Geen punte indien tekens omgeruil is nie							

4

1.1.3 Kies slegs EEN templaar hieronder om hierdie vraag te antwoord.
TWEE KOLOM METODE

BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 MEI 2025				
	EEN KOLOM METODE	EEN KOLOM METODE	DEBIET	KREDIET
Saldo volgens <u>bankstaat</u>	18 830	(18 830)	18 830 ☒ Kan 'n kt wees	Dt en kt totale moet dieselfde wees
Krediteer uitstaande deposito Moet nie 6 000/15 000 aanvaar nie	(31 250)	31 250		31 250 ✓
Debiteur uitstaande EFO's	320	(320)	Sien KBJ 320 ☒	
	9 650	(9 650)	9 650 ✓	
	5 440	(5 440)	5 440 ✓	
Krediteer bedrag foutiewelik gedebiteer	(5 100)	5 100		5 100 ✓
Saldo volgens <u>bankrekening</u> Moenie 15 550 aanvaar nie	(2 110)	2 110	2 110 ☒ sien 1.1.1 Kan 'n kt wees	Kontroleer of gunstig of ongunstig is
			36 350	36 350

7

-1 vir swak aanbieding/foutiewe besonderhede

As kandidaat beide een-kolom en twee-kolom metode gebruik, merk weergawe wat kandidaat bevoordeel.

Vir die 2-kolom metode moet kandidate syfers in die korrekte kolom plaas om punte te verdien.

Vir die 1-kolom metode moet kandidate die korrekte teken gebruik, nl. positief of negatief.

1.1.4

Khaya het opgemerk dat 'n langdienende kassier onlangs kontanttekorte ervaar het. Stel TWEE moontlike redes voor vir hierdie tekorte en verskaf oplossings aan Khaya om elkeen te hanteer.

Rede ✓ ✓	Oplossing ✓ ✓ Gebaseer op rede
Kontant nie korrek getel nie	- Deurlopende opleiding van kassiere aangaande kontanthanteringsprosedures. - Gereelde kontantrekonsiliasie / Rekonsilieer kontant teenoor kasregisterrol.
Toesighouer monitor nie kassiere nie	Beklemtoon gereelde toesig deur senior bestuurders.
Moontlikheid van diefstal / oorrol van kontant	- Installeer GKTv kamera's wat areas van kassiere dek. - Gereelde onverwagse kontrole van kontant.
Gebrek aan konsentrasie	Hersien werksure en voorsien gereelde rustye.
Afleidings/veelvuldige take by kasregisters	Verseker dat daar gefokus word tydens transaksies/Versoek personeel om nie-werksverwante afleidings te verminder.

4

1.1.5

Verskaf TWEE redes waarom Khaya alle EFO-betalings van sy besigheid magtig.

Enige TWEE aanvaarbare punte ✓ ✓

- Om ongemagtigde betalings te voorkom/Verminder die risiko van bedrog of verdagte transaksies.
- Hy moet die korrektheid van die transaksie kontroleer/Dit help om dop te hou waarheen kontant gaan.
- Kontroleer transaksies om foute te voorkom/Hy kontroleer dat bedrag in die korrekte rekening inbetaal word.
- Verseker dat uitbetalings nie beskikbare fondse oorskry nie.
- Monitor en keur besigheidsuitgawes goed.
- Kontroleer dat die besigheid se fondse toepaslik aangewend word.
- Hy verseker dat besteding binne die begroting en finansiële beplanning bly.

2

1.2 KREDITEUREVERSOENING

1.2.1 Gebruik die tabel wat voorsien is en toon alle regstellings wat ten opsigte van die Krediteurekontrolerekening en Krediteurelys gemaak moet word.

Toon veranderinge met 'n '+' vir 'n toename, 'n '-' vir 'n afname of '0' vir geen verandering nie.

	KREDITEUREKONTROLE- REKENING	KREDITEURELYS
SALDO/TOTAAL	64 800	79 300
B	- 1 000 ✓	
C		- 900 ✓
D	+ 5 600 ✓✓	
E	+ 4 400 ✓	
F		een punt (-2 300) - een punt (2 300) - 4 600 ✓✓
Korrekte saldo/totaal	73 800 ✓*	73 800 ✓*

9

*een deel korrek, moet beginsaldo/totaal insluit
 Aanvaar hakies as '-' teken; indien geen teken beskou as positief.
 -1 vir vreemde item per reël, indien punt wel op reël verdien is (dus maks kan -5 wees)
 Aanvaar volledige korrekte antwoorde op verkeerde reëls.

1.2.2 PP Verspeiders is tevrede met die manier waarop Soweto Handelaars hul rekening bestuur, daarom is hulle bereid om hul kredietlimiet te verhoog.

Verduidelik TWEE aksies wat Soweto Handelaars behoort te neem om 'n goeie verhouding met hul krediteur te handhaaf.

TWEE geldige verduidelikings ✓✓ ✓✓

- Betaal rekeninge binne die kredietvoorwaardes van die krediteur.
- Toon lojaliteit en toewyding deur gereelde bestellings te plaas.
- Duidelike kommunikasie wat hul sakeverhouding versterk.
- Verseker die verskaffer van hul kredietwaardigheid deur gereeld finansiële data te voorsien.

4

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 2

2.1 MAGIC WOOD VERVAARDIGERS

2.1.1

Bereken direkte grondstofkoste.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$608\,000 \checkmark + 3\,360\,000 \checkmark\checkmark + 3\,560\,250 \checkmark\checkmark$ OF $608\,000 + 7\,467\,000 - 168\,000 - 378\,750$ een punt een punt een punt twee punte	7 528 250 ☒ een deel korrek

6

2.1.2

Bereken die fabrieksbokoste vir die jaar.	
Foutiewe totaal	3 670 860
Fabrieksversekering	2 040 ☒ ☒
Waardevermindering op fabriekstoerusting $[242\,000 \times 15/100]$ $(36\,300 \checkmark\checkmark - 42\,000)$	(5 700) ☒ *#
Fabriekshuur $[200 \times R350 \times 9] \text{ OF } [168\,000/3 \times 200/160 \times 9]$ $(630\,000 \checkmark\checkmark + 168\,000)$	798 000 ☒ *#
Korrekte totaal vir fabrieksbokoste R3 670 860 moet ingesluit wees	4 465 200 ☒ *

9

*een deel korrek

Ignoreer teken, indien teken foutief, verloor punt vir finale totaal

2.1.3

PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 30 APRIL 2025		
Direkte grondstofkoste	sien .2.1.1	7 528 250 ☒
Direkte arbeidskoste		4 558 200 ☒ ☒
Primêre koste	DGK + DAK	12 086 450 ☒
Fabrieksbokoste	sien 2.1.2	4 465 200 ☒
PRODUKSIEKOSTE VAN KLAARPRODUKTE	PK + FBK	16 551 650 ☒

6

2.1.4

Bereken die verkoop- en verspreidingskoste	
BEWERKINGS	ANTWOORD
sien PK 2.1.3 14 380 800 ✓ – 12 086 450 ✓ OF [1 530 X 420] 9 822 600 – 7 528 250 een punt een m punt	2 294 350 ✓ een deel korrek

3

2.1.5

Magic Wood het vensterrame aan 'n gemeenskapskool geskenk. Die rame is met afvalhout vervaardig, wat andersins vermors sou word. Bereken die bedrag verlore ten opsigte van verkope, as gevolg van die vermorsing van die hout.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
[16 570 /2,5] (6 628 ✓✓ – 6 420 ✓) x 780 208 drie punte OF [16 570 – 16 050] twee punte <u>520</u> x 780 een punt 2,5	162 240 ✓ Indien x R780

4

2.2 KICK-IT-UP VERVAARDIGERS

2.2.1

Verduidelik waarom dit belangrik is om die verwagte gelykbreekpunt vir 'n besigheid te bereken voor die begin van 'n finansiële jaar.

Enige EEN geldige verduideliking ✓✓

- Om die minimum aantal eenhede te bepaal wat geproduseer moet word om verliese te voorkom.
- Om die minimum inkomste te bepaal wat benodig word om alle vaste en veranderlike koste te dek.
- Dit help met besluite soos prysverhogings of om onnodige uitgawes te besnoei.
- Om te verhoed dat kontantvloei probleme ontstaan.
- Dit help om strategiese besluite te neem voordat geld bestee word.

2

2.2.2

Nono het nie 'n toename in wins verwag nie. Verduidelik aan haar hoe dit moontlik was. Gee TWEE redes. Haal syfers aan.

Enige TWEE geldige punte ✓✓ syfers (met neigings) ✓✓

- Eenhede vervaardig en verkoop het toegeneem (van 40 500) tot 42 000/ met 1 500 eenhede / met 3,7%.
- Gelykbreekpunt het afgeneem (van 51 545) tot 31 200 / met 20 345 eenhede / met 39,5%.

VIR VIER PUNTE:

- Het 10 800 eenhede meer as GBP geproduseer (huidige finansiële jaar) en 11 045 eenhede minder as GBP geproduseer (vorige finansiële jaar).

4

2.2.3

Verklaar waarom totale vaste koste toegeneem het, maar vaste koste per eenheid afgeneem het. Haal syfers aan.

- Ekonomiese skaalvoordele is behaal as gevolg van verhoogde produksie (van 40 500 eenhede) tot 42 000 eenhede / met 1 500 eenhede. ✓✓

OF

- 'n Styging in produksie (van 40 500 eenhede) tot 42 000 eenhede / met 1 500 eenhede het die besigheid instaat gestel om koste per eenheid te verlaag deurdat vaste koste oor meer eenhede versprei word.

2

2.2.4

Identifiseer TWEE kostes (met syfers) wat goed beheer is. Vir elke koste, verskaf 'n aksie wat Kick-it-up Vervaardigers moontlik geneem het om hierdie kostes onder beheer te hou.

KOSTE (MET SYFERS) ✓ ✓	AKSIE/OPLOSSING ✓ ✓
Direkte grondstofkoste het verlaag (van R36) tot R34 / met R2 / met 5,6%	• Grootmaat aankope om voordeel te trek uit afslag. • Goed opgeleide werkers/onder goeie toesig wat minimale vermorsing tot gevolg het. • Koop by plaaslike verskaffers/Goedkoper verskaffer sonder om kwaliteit in te boet. • Belê in outomatisering om doeltreffendheid om proses te verbeter.
Verkoop- en verspreidingskoste het verlaag (van R20) tot R19,30 / met R0,70 / met 3,5%	• Verbeterde reklame/maak meer gebruik van digitale bemarking. • Minder kommissie betaal. • Onderhandel met vervoer-maatskappye vir laer tariewe. • Verbeterde roete beplanning.

4

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 3

3.1.1

**Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2025.
Gebruik die geweegde-gemiddelde-metode.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
$[710 + 2\,370 - 2\,508]$ $572 \checkmark \checkmark \times R3\,420$	$R1\,956\,240 \checkmark$ Indien $\times R3\,420$

3

Bereken die bruto wins op 28 Februarie 2025.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$[2\,508 \times R4\,550]$ $11\,411\,400 \checkmark \checkmark$	$[2\,508 \times R3\,420]$ $8\,577\,360 \checkmark \checkmark$
-	$R2\,834\,040 \checkmark$ een deel korrek

5

3.1.2

Magesh het besluit om sy prysstrategie te evalueer. Adviseer hom oor EEN aspek wat hy moet oorweeg wanneer hy sy prysstrategie hersien.

Enige EEN geldige punt $\checkmark \checkmark$

- Hersien die verkoopprijs om by die kosprijs te pas/stygende inflasiekoers kan produksiekoste verhoog wat 'n aanpassing in pryse sal noodsaak.
- Oorweeg wat mededingers vir dieselfde tas vra.
- Baseer prys op kliëntetevredenheid/oorweeg hoe die kliënte die waarde van sy tasse ag.
- Evalueer die vraag na reistasse en belyn die prys met oorhoofse doelwitte.
- Stygende inflasiekoers mag 'n verhoging in pryse noodsaak om winsgewendheid te handhaaf.

2

3.1.3

Magesh is bekommerd oor 'n afname in wins. Noem TWEE potensiële faktore wat tot 'n afname in winste kan lei.

Enige TWEE geldige punte $\checkmark \checkmark$

- Verhoogde bedryfsuitgawes.
- Verandering in verbruikersvoorkeur.
- Verhoogde pryse van verskaffers.
- Verhoging in inflasiekoers.
- Verlaagde pryse van mededingers.
- Afname in eenhede verkoop/Minder reise lei tot verlaagde verkope.
- Hoë koers van produkte teruggestuur.
- Voorraadverliese of beskadigde voorraad kan winsgewendheid verlaag.
- Mededingers verlaag pryse.

2

3.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2025. Gebruik die spesifieke identifikasietegniek.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$[29 + 96 + 44 - 123]$ $(46 \checkmark \times R8\,700 \checkmark) \quad 400\,200 \text{ twee punte}$ $[116 + 61 - 161]$ $(16 \checkmark \times R5\,550 \checkmark) \quad 88\,800 \text{ twee punte}$	R489 000 ☒ een deel korrek Beide moet saamgetel word

5

3.2.2 Saika-horlosies

Voorsien 'n berekening wat bevestig dat die eindvoorraad van die Saika-horlosies na verwagting binne 8,9 dae verkoop sal wees.

BEWERKINGS	ANTWOORD
sien 3.2.1 $\frac{88\,800 \checkmark}{893\,550 \checkmark} \times \frac{90 \checkmark}{1}$ sien 3.2.1 $\frac{16}{161} \text{ een m punt} \times \frac{90}{1} \text{ een punt}$ OF	8,9 dae

3

3.2.3 Dempo-horlosies

Aya is seker daarvan dat die Dempo-model NIE uit voorraad is NIE. Toon 'n berekening wat sy vermoede bevestig.

BEWERKINGS	ANTWOORD
OF $[46 + 85]$ $131 - 125$ $[131 \times 7\,220] \quad [125 \times 7\,220]$ $945\,820 \quad - \quad 902\,500$	6 ☒ een deel korrek OF 43 320 een punt een m punt

2

3.2.4 Aya het sy kommer uitgespreek oor kliënte wat horlosies aanpas sonder personeeltoesig. Identifiseer TWEE potensiële probleme wat uit hierdie praktyk kan ontstaan en stel 'n oplossings vir elkeen voor.

PROBLEEM	OPLOSSING
Enige TWEE geldige probleme ☒ ☒	Enige TWEE geldige oplossings ☒ ☒
Moontlikheid van diefstal	Sluit uitstallinkabinet / verbeter sekuriteitstelsel.
Verkeerde hantering deur kliënte	Personeelbegeleiding wanneer kliënte horlosies aanpas.
Kliënte kan horlosies beskadig	Stal slegs demonstrasiemodelle uit.

4

3.3.1

Lewer kommentaar oor die voorraadhoudingsperiode van winterjasse. Haal syfers aan.

Die voorraadhoudingstydperk het toegeneem (van 156 dae) na 224 dae/ met 68 dae. ✓✓

2

Watter effek het hierdie voorraadhoudingsperiode op Staysmart Modes?

Enige EEN geldige punt ✓✓

Deelpunte vir onvolledige/onduidelike antwoord

- Kontant vasgevang in voorraad wat tot kontantvloei probleme kan lei.
- Risiko dat voorraad uit die mode kan raak as gevolg van seisoenverandering.
- Moontlikheid van laer wins omdat die besigheid voorraad teen 'n verlaagde prys sal moet verkoop.

2

3.3.2

Nandi is bekommerd dat die huidige prysbeleid tot 'n toekomstige afname in kliënte kan lei. Bereken die persentasieverandering en verduidelik hoekom Nandi nie bekommerde hoef te wees nie.

Die winsopslagpersentasie het toegeneem ✓ (van 40%) tot 50% /met 10% punte/ met 25%. ✓

Enige EEN geldige punt ✓

- Kliënte is bereid om meer te betaal.
- Die voorraadhoudingsperiode het gedaal.
- Voorraad voorhande het verminder.
- Aantal eenhede verkoop het toegeneem.

3

3.3.3

Nandi is tevrede met die nul voorraadverlies. Verduidelik TWEE veiligheidsmaatreëls wat sy moontlik geïmplementeer het om hierdie resultaat te behaal.

Enige TWEE geldige punte ✓ ✓

- Heg sekuriteitsetikette aan baadjies om bedrog te verminder.
- Gereelde voorraadopnames om voorraad voorhande te bevestig.
- Beperkte toegang tot stoorkamers.
- Roetinetoesig deur senior bestuurders.
- Vergelyking van voorraad voorhande met voorraadrekords.
- Verbeter sekuriteitstelsel binne die besigheid.

2

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 4

4.1 Bereken die totale verkope vir Junie 2025.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$345\,000 \times 100/25$ OF $[289\,800 \times 100/96]$ $301\,875 \times 160/35$	1 380 000 ✓✓

2

4.2 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

MAANDE	KREDIET- VERKOPE	JULIE	AUGUSTUS
MEI	320 000	48 000	-1 oorbodige inskrywing; Verloor metodepunt vir totaal
JUNIE	345 000	207 000	51 750
JULIE	298 000	57 812	178 800 ✓✓
AUGUSTUS	401 000 ✓✓	Indien x 20% x 97%	77 794 ✓✓ Vier punte indien kredietverkope nie getoon
			308 344 ✓*

7

*een deel korrek

Indien bedrae opgeskuif is maar korrek is, ken punte toe en -1 vir aanbieding

4.3 Bereken die ontbrekende syfers (i) – (iv) in die Kontantbegroting vir die periode geëindig op 31 Augustus 2025.

(i) Ekstra lening aangegaan in Augustus 2025	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$1\,170 \checkmark \times [(100 \times 12)/13] \checkmark$ OF $\begin{array}{r} [2\,275 \times (1\,200/13)] \\ 210\,000 \end{array} - \begin{array}{r} [1\,105 \times (1\,200/13)] \\ 102\,000 \end{array}$	$108\,000 \checkmark$ een deel korrek

(ii) Kontantaankope van voorraad vir Augustus 2025	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$[1\,203\,000 \times 100/75] \text{ OF } [401\,000 \times 4]$ $1\,604\,000 \checkmark \times [100/160 \times 65/100] \checkmark$ OF $\times 65/160$	$651\,625 \checkmark$ een deel korrek

(iii) Betalings aan krediteure vir Julie 2025	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$[1\,280\,000 \times 100/160]$ $800\,000 \checkmark \times 35/100 \checkmark \times 96/100 \checkmark$	$268\,800 \checkmark$ een deel korrek

(iv) Salarisse en lone vir Augustus 2025	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$29\,000 \checkmark + 10\,150 \checkmark \checkmark \text{ OF } 29\,000 \times 135/100$ $[14\,500 \times 70/100] \quad \text{een punt} \quad \text{twee punte}$	$39\,150 \checkmark$ een deel korrek

4.4

Verduidelik waarom dié items 'n uitdaging vir die besigheid to gevolg kan hê. Verskaf EEN rede vir elke geval.

	REDE ✓✓ ✓✓
Betalings aan krediteure	- Die besigheid se kredietgradering sal verswak. - Die besigheid het nie betaal soos ooreengekom nie. - Krediteure kan rente hef. - Krediteure kan weier om krediet aan die besigheid te verleen.
Versekering	- Die risiko dat items nie vervang word in die geval van 'n ramp nie. - Die polis sal verval. - Die besigheid sal self die koste moet dra/verhoogde finansiële risiko. - Potensiële beleggers mag huiwerig wees om sake te doen met 'n maatskappy wat onvoldoende versekeringsdekking het.

4

Daar is kommer oor die hoë advertensiekoste wat verband hou met die druk van pamflette deur die besigheid, veral gegewe die lae verkoopsopbrengs. Stel TWEE moderne en meer koste-effektiewe advertensiemetodes voor wat Edward kan oorweeg.

VOORGESTELDE METODE Enige ander aanvaarbare antwoord ✓ ✓	VERDUIDELIKING Enige ander aanvaarbare antwoord ✓ ✓
Sosiale media	Inligting sal geteikende kliënte bereik en terugvoer toelaat.
SMS/Epos/Oproepe	Persoonlike boodskappe sal waarskynlik meer gereelde aankope deur kliënte bevorder.

4

4.5

Lewer kommentaar oor die kontantvloeisituasie gedurende Mei 2025. Maak EEN voorstel om Ekasi Handelaars se kontantprobleme te verbeter.

PROBLEEM ✓	OPLOSSING ✓
Totale ontvangste is nie voldoende om totale betalings te dek nie.	- Verbeter invordering vanaf debiteure. - Gebruik verbeterde strategieë om verkope te verhoog.

2

Edward oorweeg dit om 'n nuwe tak in 'n ander provinsie oop te maak. Identifiseer TWEE uitdagings wat die besigheid se kontantbegroting kan beïnvloed.

Enige TWEE geldige verduidelikings ✓ ✓
'n Nuwe perseel huur/koop kan duur wees. - Die besigheid se salarisrekening sal verhoog. - Kliënte moet eers vertrouwd raak met hul toestelle. - Bemarkingskoste kan verhoog.

2

TOTALE PUNTE
35

TOTAAL: 150